Dissipelskap: Deel 5

'n Dissipel is bereid om op die Here te wag?

Kom ons wees eerlik met mekaar. Ons hou niks daarvan om te wag nie. Kyk maar na mense as hulle in rye moet staan by die bank of die munisipaliteit of self die regeringskantore. Kort voor lank begin hulle kla oor swak diens. Om te wag is vir die meeste 'n mors van kosbare tyd. En ons het nie tyd om te mors nie. Om te wag laat mense se bloed in hulle are na kookpunt se kant toe staan.

Om te wag kan ook 'n wonderlike ervaring wees. Ek praat nou van wag op die Here. Wanneer ons as dissipels leer om op Hom te wag gebeur daar wonderlike goed met ons. Dit is nie net tydmors en onproduktief wees nie. Omdat ons so geneig is om haastig te wees, doen ons somtyds goed uit eie krag en het ons nie altyd die Here se stem gehoor nie. Dis asof ons vir die Here sê ons sal die doenwerk doen en Hy moet maar net seën. Dis ongelukkig nie hoe dit werk nie. 'n Dissipel moet bereid wees om te wag tot die Here praat, want die Here se tydsberekening is altyd perfek. Ons moet met afwagting op die Here wag.

Om te wag op die Here beteken dat ek nie iets uit my eie aanpak nie, maar saam met die Here. Dit beteken dat jy net die instrument sal wees. Om te wag, vra van my 'n fyn ingesteldheid op Hom, dit vra dat ek op Hom gefokus sal wees, dat ek die "wêreld se geraas" sal uitblok ten einde sy stem te hoor.

Vrae om oor na te dink:

1. Wanneer laas het jy eers gewag op die Here voordat jy iets aangepak het?
2. Dink jy mense kyk jou snaaks aan as jy sê jy wag eers op die Here se antwoord voordat jy iets doen? Hoekom kyk mense ons dan snaaks aan?
3. Op watter maniere dink jy praat God met ons vandag?
4. Wat is vir jou die moeilikste wanneer jy moet wag op die Here?
    a. Lees gerus Ps. 130 en laat toe dat dit jou opinie van "wag op die Here" verander.
5. Wat dink jy is veronderstel om met jou te gebeur tydens jou wag op die Here?
6. Die volgende persone moes wag op die Here. Dink bietjie na oor elkeen se wagproses
    a. Abraham wat moes wag vir 'n nageslag.
    b. Moses wat moes wag voor hy die volk kon uitlei uit Egipte.
    c. Jesus wat 30 jaar wag voor Hy met sy bediening begin.

Vir verder in diepte studie oor die onderwerp:

- Stelling: In stede daarvan dat ons altyd sê dat ons op die Here wag...moet Hy nie soms maar vir ons wag om eers op dieselfde bladsy as Hy te kom nie...voordat dinge kan gebeur?
- Stelling: Ons gesukkel om op die Here te wag is dikwels 'n simptoom van ons gebrek aan oorgawe aan die Here en gebrek aan ware vertroue op Hom.
- **In die Woord word twee beelde gebruik om te verduidelik hoe ons moet wag.**
    - Ps 123:2 *Soos die oë van 'n slaaf gerig is op die hand van sy eienaar, soos die oë van 'n slavin gerig is op die hand van haar eienares, so is ons oë gerig op die Here ons God, totdat Hy Hom oor ons ontferm*.
        - Hoe wag 'n slaaf?
            - In afhanklikheid maar ook in afwagting.
            - In nederigheid.
            - Nie met 'n gesindheid van, "dis my reg" nie.
    - Jakobus 5:7 *Wag dan geduldig, broers, totdat die Here kom. Let op hoe die boer wag vir die kosbare oes wat die land oplewer. Hy wag geduldig daarvoor totdat dit die vroeë en die laat reëns gekry het.*
        - Hoe wag 'n boer?
            - Geduldig, tot die tyd reg is.
            - Met geloof. Hy kry intussen sy skure, dorsmasjiene ens gereed vir oestyd.
- **Om te wag op die Here beteken...**
    - Om Hom aktief op te soek (Pred. 3:25)
    - Wag sluit kennis en vertroue in
    - Wag beteken dat ek my berus by Sy tyd en voorsiening

- **Ek moet dus op die volgende maniere wag**
    - Geduldig...Ps 62:1 en Hos 12:6
    - Gretig...Ps 130:5
    - Met vertroue ...Miga 7:7
    - Verwagting...Hab 2:1
    - Hoop...Ps. 37:34
    - Vertroue...Ps 39:7
    - In stilte...Ps 62:1 en Klaagl 3:26
    - Met trane...Ps 69:3

- **Vir wat wag ons op die Here?**
    - Vir Hom om op te tree...Ps 37:7
    - Vir redding...Klaagl 3:26
    - Nuwe krag...Jes 40:31
    - Oorwinning...2 Kron 20:17
    - God se hulp...Ps 33:20
    - Antwoord op gebede...Ps 5:3
    - God se instruksies...Num 9:8

- **Belangrike gedeeltes itv wag op die Here**
    - Lees Ps 130
    - *Jes 40:31 – maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.*

- **Om te wag beteken nie om ONAKTIEF te wees nie**
    - Dit beteken bloot dat ons hoop op hulp en verlossing in die Here is (en nie op mense of onsself nie).
    - Onderwyl ons wag, moet ons die toerusting en vermoë toepas en gebruik vir die taak waarvoor die Here ons geroep het – en nie bloot op 'autopilot' aan te karring nie.
    - Dis sinneloos om bloot net te WAG... Dit is soos Jakobus 2 se geloof sonder die werke.
        - *'n Boer, wat wag dat die Here hom met 'n puik oes sal seën, sonder om te ploeg of te saai, wag tevergeefs. Hy moet sy deel doen met die verwagting dat die saad sal groei en 'n beloning sal oplewer.*
    - Dus is daar dinge wat ons moet doen onderwyl ons wag – ons moet ywer hê en geloof wat kom deur die Woord.
    - In die wagproses moet ons die vyand weerstaan wat verseker ons gaan aanval om ons moedeloos te maak, ons geloof af te takel en ons te ontmoedig.
        - Ons moet veg om nie te verval en die leuens te glo wat die duiwel gaan influister nie. GOD GEE ONS DIE KRAG EN DIE WAPENS. Lees Ef 6 en 2 Kor 10:3-5.
    - Ons moet veral WAAK saam met die gebed.

- **Mense wat moes wag** *(was hulle onaktief in hulle wagperiode?)*
    - Noag – 120 jaar voor die vloed gekom het.
    - Abraham – 25 jaar voor sy kind gebore is.
    - Jakob –14 jaar om sy geliefde Ragel te kry.
    - Israeliete – 430 jaar in Egipte voor hul verlossing.
    - Moses – 40 jaar in die woestyn.
    - Dawid – 15 jaar om koning oor Juda te word is en nog 7 jaar tot koning oor Israel.
    - Jesus – 30 jaar voor sy kort 3 jaar-bediening begin het

- Kinders van God – reeds bykans 2 000 jaar vir Jesus se wederkoms.

- **Wat wil God ons leer tydens ons wagperiode?**
  - **WAG ONTBLOOT ONS WARE MOTIEWE –** Die proses van 'wag' openbaar die hart van mense. Die met verskuilde agendas of oneerbare motiewe, wil nie wag nie want dit vereis deursettingsvermoë en toewyding. Hulle is dikwels te ingestel op die korttermyn belonings. Diegene wat 'wag' verstaan, is bereid om die prys te betaal.
  - **WAG BOU GEDULD EN LYDSAAMHEID –** as jy klein dinge kan verdra, bou dit geduld en lankmoedigheid is die groter stryd. As God ons nie kan vertrou om op Hom met die klein probleem te vertrou nie, hoe kan Hy meer aan ons toevertrou? Mense dink maklik dat besittings en sekuriteit belangriker is as om mense vir God te bereik. As hul (finansiële) planne nie uitwerk nie, is die geduld by die deur uit.
  - **WAG BRING 'VERWAGTING' –** Mense is geneig om dinge meer te waardeer as hulle daarvoor moes wag. As ons elke keer dadelik kry waarvoor ons vra, sal ons geen verwagting of waardering hê nie. God weet wat ons nodig het selfs voor ons vra.
  - **WAG BOU KARAKTER –** elke persoon in die Bybel wat later deur God gebruik is, moes eers gevorm word deur te wag. Moses was ongeduldig en oorhaastig toe hy jonk was. Dit sou nie geduld het as hy vir Israel deur die woestyn lei nie. Hy moes 40 jaar in die woestyn deurbring dat God hom rustigheid en sorgsaamheid kon leer.
  - **WAG VERINNIG INTIMITEIT EN AFHANKLIKHEID OP GOD –** Groot dienaars van God het gevind dat 'wag' hul verhouding met God verdiep. Hulle gevolglike sukses was proporsioneel tot hul intimiteit en afhanklikheid van God. Hul toewyding was dikwels 'n saak van lewe en dood.

- **DIE GOEIE NUUS? GOD LAAT ONS NOOIT WAG SONDER HOM NIE!**
  - Ps 37:7...rus in die Here
  - *Ps 34:15 – Die oë van die HERE is op die regverdiges, en sy ore tot hulle hulpgeroep.*

- **Die geheim van ‘wag op God’ is bloot in die afwagting dat die Here sy belofte sal gestand doen – om te glo soos Abraham (Rom 4):**
    - *teen hoop op hoop,*
    - *sonder om te verswak in die geloof,*
    - *nie te steur die “feite” nie,*
    - *nie te twyfel nie,*
    - *en ten volle oortuig te wees dat God die mag het om te doen wat Hy beloof.*

- ***Wag is 'n groeitydperk !***

WEES STIL EN WEET EK IS DIE HEER